# Druk op Zuma kry stukrag van alle kante

Die druk wat adj.pres. Cyril Ramaphosa Woensdag op die SAKP-kongres teen sy baas en dié se vriende, die Guptas, begin verskerp het, het gister van binne en buite die ANC-alliansie verder toegeneem.

Ramaphosa se "die huis is aan die brand"-toespraak het gister ook verdere stukrag gekry met 'n soortgelyke voorspelling deur Jeremy Cronin, pas-uitgetrede adjunkhoofsekretaris van die SAKP, dat die ANC in Desember moontlik kan skeur as die "rampokker-premierliga" by die ANC se leiersverkiesing seëvier.

Die "premierliga" is 'n term wat gebruik word om na die premiers Ace Magashule (Vrystaat), David Mabuza (Mpumalanga), Supra Mahumapelo (Noordwes) en Willies Mchunu (KwaZulu-Natal) te verwys wat stoere ondersteuners van Zuma en Dlamini-Zuma is.

Ook al die politieke partye (UDM, DA, ACDP, APC, Cope, EFF en die IVP) het gister 'n gesamentlike verklaring hulle oor staatskaping uitgelaat en 'n beroep op Zuma gedoen om te wys dat hy getrou is aan sy woord en sy onderneming aan die Nasionale Vergadering (NV) gestand doen dat hy op die punt staan om 'n kommissie van ondersoek na staatskaping aan te kondig.

"Hy moet dadelik sy hersieningshofaansoek terugtrek teen die openbare beskermer (OB) se staatskapingsverslag en die kommissie aankondig wat die OB as 'n regstellende optrede vereis het."

Die partye het ook opnuut gevra dat Baleka Mbete, speaker van die NV, met die mosie van wantroue volgende maand 'n geheime stemming sal toelaat en dring ook daarop aan dat Mbete, 'n groot Zuma-ondersteuner, nie ten tyde van die debat as voorsitter kan optree nie.

Sy het immers reeds as ANC-voorsitter ANC-parlementslede aangesê om vir hul president te stem.

Voorts het die Duitse rekenaarsagtewaremaatskappy SAP vier van sy senior bestuurders in Suid-Afrika op verpligte verlof geplaas.

SAP het ook begin met 'n ondersoek na berigte dat die maatskappy omkoopgeld aan die Gupta-familie aangebied het, iets wat in die sogenaamde #GuptaLeaks-e-pos aan die lig gekom het. Beloftes van "verkoopskommissies" aan die Guptas het glo help verseker dat SAP 'n kontrak ter waarde van R1 miljard met Transnet en ander staatsbeheerde firmas bekom.

Ook die Guptas se beeldpoetsers, Bell Pottinger, het weer goed deurgeloop en die druk op die maatskappy het nou al so vererger dat sy uitvoerende hoof en voormalige voorsitter in die openbaar koppe stamp oor die verskoning wat verlede week aangebied is oor die Oakbay Investments-rekening.

Pravin Gordhan, voormalige minister van finansies, het Bell Pottinger se onlangse verskoning volgens TimesLIVE 'n "patetiese toesmeerdery" en 'n "belediging" vir Suid-Afrikaners genoem.

Hy wil onder meer hê die skakelmaatskappy moet 'n volle blootlegging doen.

Die DA het Bell Pottinger ook tot die einde van gister tyd gegee om te reageer op 'n klag wat hulle by die Openbare Betrekkinge en Kommunikasievereniging (PRCA) teen hulle aanhangig gemaak het. – **Verslagspan**